

*Dokumentasie wat deur ouers
of voogde voltooi moet word
indien aansoek gedoen word
om
toelating tot
Laerskool Durbanville.*



Laerskool Durbanville



Aansoek om toelating tot Laerskool Durbanville

Soos met enige ander skool word toelating tot Laerskool Durbanville deur leerdergetalle en 'n toelatingsbeleid bepaal.

Aansoek geskied deur die volgende stappe te volg:

1. Volg die stappe op die **WKOD**-webwerf om **aanlyn** aansoek te doen:
<https://admissions.westerncape.gov.za>
2. **Voltooi ook Laerskool Durbanville se vorms.** (aangeheg)
3. Handig u **voltooide vorms** asook **ondersteunende dokumentasie** by die skool in. Slegs Harde kopieë sal aanvaar word. (Let wel: geen kopieë kan by Laerskool Durbanville gemaak word nie.)
4. **BAIE BELANGRIK: Geen aansoeke sal oorweeg word indien vorms onvolledig voltooi is en nie van ondersteunende dokumentasie vergesel word nie.**

Hierdie kontrolelys is vir u gerief. *(merk met ✓)*

Vorms (aangeheg):

- Administrasievorm van Laerskool Durbanville
- Kontrak met Laerskool Durbanville t.o.v. betaling van skoolfonds
- Vrywaring/Toestemming om aan alle georganiseerde akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite van Laerskool Durbanville deel te neem
- Algemene vrywaring
- Gedragskode van Laerskool Durbanville: ouer en leerder
- Toestemming om aan geestelike en buitemuurse skoolaktiwiteite deel te neem
- Toestemming vir die gebruik van leerderfoto's op sosiale media en ander relevante platforms
- Nasorg: Let wel, toelating tot die skool verseker nie outomaties u kind se plek in die nasorg nie. Aansoeke is op ons skool webwerf beskikbaar en moet gestuur word aan aftercare@durbieland.com.

Ondersteunende dokumentasie:

- Bewys van **WKOD-aanlynaansoek**
- Afskrif van **ID-dokumente of paspoorte** van beide ouers en/of voogde *(gesertifiseer, nie ouer as 6 maande nie)*
- Afskrif van leerder se **geboortesertifikaat of paspoort** *(gesertifiseer, nie ouer as 6 maande nie)*
- Afskrif van leerder se mees onlangse **skoolrapport**
- Bewys van **adres**
- Afskrif van **mediese fondskaart**
- Bewys van verblyf- en studiepermitte *(indien van toepassing)*
- **"Road to Health"-gesondheidskaart**

BEWYS VAN WKOD-AANLYNAANSOEK:



Western Cape
Government

FOR YOU

Education

WCED ONLINE ADMISSION 2023
DURBANVILLE PRIMARY SCHOOL (0101309237)
APPLICATION DATE: 24 APRIL 2022 (LATE APPLICATION)

DETAILS OF LEARNER

Surname
Full Names
Date of Birth
Population Group
Gender
South African Citizen
CEMIS Number
ID Number
Address Type
Address

Required Language (Learner and Teaching)
Last school and grade attended in
Western Cape
Required Grade
First time registration in WCED
Siblings currently attending the school
Is the parent applying for more than one learner to the school

Wish to apply for hostel accommodation
Wish to apply for learner transport
(YES does not mean that the learner will get access to hostel accommodation or learner transport)
Learner type
Reason for application to another school?
Province
School
Sport

BEWYS VAN WKOD-AANLYNAANSOEK:

Laerskool Durbanville benodig hierdie bewys van die aanlynaansoek.
Vind die bewys by: "Track applications", langs/by
Laerskool Durbanville se naam. Druk "print".

ADMINISTRASIEVORM: LAERSKOOL DURBANVILLE



VOLTOOI ASSEBLIEF IN SWART PEN.

Het u tans kinders in Laerskool Durbanville? Indien wel, naam en van:	JA	NEE
Het u sedert 2016 leerders in Laerskool Durbanville gehad?	JA	NEE
Het u tans kinders in Hoërskool Durbanville en/of Durbanville Voorbereidingskool?	JA	NEE
Dui aan in watter maand u kind by Laerskool Durbanville ingeskryf moet word?	Maand: 20.....	

INLIGTING: LEERDER				
Van:		Voorletters:		
Volle name:				
Noemnaam:				
Geboortedatum:		ID-nommer:		
Woonadres:				
Nasionaliteit:	RSA		Ander	
Nasionaliteit, indien ander:				
Paspoortnommer indien ander:				
Geslag:	Manlik		Vroulik	
Etniese groep:				
Huistaal:				
Onderrigtaal:	Afrikaans		Engels	
Enige graad/grade herhaal?	JA		NEE	
Laaste graad geslaag:				

INLIGTING: NAASBESTAANDE (ANDERS AS OUER)	
Naam en van:	
Kontaknommer:	
Alternatiewe kontaknommer:	
Verwantskap:	

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK (Kontrolelys)		
Familiekode:	Waglys:	A / B
	Nommer op waglys:	
Registerklas:	Toelatingsnommer:	
Geboortsertifikaat:		Oorplasingssertifikaat:
ID-afskrif:		Nuutste rapport:
Datum waarop aansoek ontvang is:		

MEDIESE INLIGTING VAN LEERDER:								
Kroniese siektes:	Ja	Nee	Allergieë:	Ja	Nee	Medikasie:	Ja	Nee
Verskaf meer inligting indien "JA":								

INLIGTING: MEDIESE FONDS	
Naam van fonds:	
Mediese plan:	
Hooflid:	
Lidnommer:	
Telefoonnommer:	

INLIGTING: HUISDOKTER	
Naam:	
Telefoonnommer:	
Besigheidsadres:	

INLIGTING: GESINSTATUS (Merk waar van toepassing)					
Beide ouers		Getroud		Kinderhuis/pleegsorg	
Enkelouer (moeder)		Enkelouer (vader)		Geskei	
Belangrike addisionele inligting waarvan die skool moet kennis dra:					

INLIGTING: HUIDIGE SKOOL					
Het die leerder verlede jaar skool bygewoon?	JA	NEE	Eerste inskrywing van leerder in Wes-Kaap:	JA	NEE
Rede vir skoolverlating/aansoek:			Graad waarvoor aansoek gedoen word:		
Naam van skool:			Provinsie van huidige skool:		
Skooladres:			Telefoonnommer:		
			E-posadres:		

INLIGTING: BIOLOGIESE OUER 1 / WETTIGE VOOG 1

Titel:		Voorletters:		Woonadres:				
Van:		Volle name:						
ID-nommer:		Noemnaam:						
Nasionaliteit:	RSA		Ander		Woon die leerder by u?	JA	NEE	SOMS
Paspoortnommer, indien ander:			Huistaal:		Posadres:			
Selfoonnommer:		Landlynnommer:						
E-posadres:								
Beroep:					BEROEPSTATUS			
Werkgewer:					Eie besigheid (Professioneel)		Eie besigheid (Nie-professioneel)	
Werksadres:					Werk voltyds		Werk deelyds	
					Tuisteskepper		Kontrakwerker	
Telefoonnommer (werk):					Pensioenaris		Werkloos	

INLIGTING: BIOLOGIESE OUER 2 / WETTIGE VOOG 2

Titel:		Voorletters:		Woonadres:				
Van:		Volle name:						
ID-nommer:		Noemnaam:						
Nasionaliteit:	RSA		Ander		Woon die leerder by u?	JA	NEE	SOMS
Paspoortnommer, indien ander:			Huistaal:		Posadres:			
Selfoonnommer:		Landlynnommer:						
E-posadres:								
Beroep:					BEROEPSTATUS			
Werkgewer:					Eie besigheid (Professioneel)		Eie besigheid (Nie-professioneel)	
Werksadres:					Werk voltyds		Werk deelyds	
					Tuisteskepper		Kontrakwerker	
Telefoonnommer (werk):					Pensioenaris		Werkloos	

VERKLARING DEUR OUERS OF VOOGDE

Hiermee verklaar ons dat alle inligting wat verstrek is, waar en juis is.

1. _____
Voorletter(s) en van van Vader/Voog

Ouerhandtekening/Voog

2. _____
Voorletter(s) en van van Moeder/Voog

Ouerhandtekening/Voog



KONTRAK MET DIE SKOOL TEN OPSIGTE VAN BETALING VAN SKOOLFONDS

Ooreenkoms tussen Laerskool Durbanville en

.....
(naam en van van ouer(s)/voog(de)) t.o.v. die betaling van skoolfonds.

1. Laerskool Durbanville is 'n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolfonds hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996) en die National Educating Policy Act (Wet No. 27 van 1996) - National Norms and Standards of School Funding.
2. U is aanspreeklik vir die betaling van die skoolfonds soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, tensy en tot die mate waartoe u van betaling vrygestel is kragtens hierdie wet.
3. Ten spyte daarvan dat 'n hof bepaal het dat 'n ander persoon die voorgeskrewe skoolfonds moet betaal, soos vervat kan wees in egskeidingskikkingsbevele, en/of enige ander gepaste hofbevel, bly dit steeds die verantwoordelikheid van alle persone wat voldoen aan die definisie van "ouer" in die SA Skolewet, om skoolfonds te betaal en alle "ouers" is gesamentlik en afsonderlik teenoor die skool aanspreeklik vir die betaling van alle skoolfonds wat deur die skool gehef is en/of sal word ten opsigte van ('n) spesifieke leerder(s).
Betaling van skoolfonds aan Laerskool Durbanville sal as volg geskied:

(Merk asseblief toepaslike blokkie met 'n kruisie)

- | | |
|---|--|
| A | Eenmalige betaling voor of op die sperdatum soos bepaal tydens die jaarlikse ouer-begrotingsvergadering. |
| B | Afbetaling oor 10 maande. |
| C | Ander reëlins sal skriftelik op my verantwoordelikheid en inisiatief, met die skool getref word. |

4. Ek/Ons is bewus dat ons kan aansoek doen vir vrystelling van skoolfonds vir 2027 en indien ons van voorneme is om aansoek te doen vir vrystelling, sal die relevante aansoekvorm volledig voltooi word.
5. Indien u wil appelleer teen 'n beslissing van die Beheerliggaam ten opsigte van die vrystelling van u verpligting van skoolfonds, kan u dit doen by die Departementshoof van die Onderwysdepartement, wat te alle tye die bepalinge van bogenoemde wetgewing sal toepas en verplig sal wees om 'n behoorlike regsproses te volg ten einde die belange van u as ouer en van die Beheerliggaam te beskerm.
6. Indien ek/ons agterstallig is met betaling van skoolfonds, sal ek/ons vir die betaling van die kostes aangegaan om dit in te vorder op 'n prokureur- en kliënteskaal, aanspreeklik wees.
7. Ek/Ons kies hierdie onderstaande adres as my/ons domicilium citandi et executandi vir aflewering of betekening van kennisgewings of pleitstukke.

Woonadres: (Nie posadres nie)

8. Ek/Ons die ouer(s)/voog(de) van _____ onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit.

1. Ouerhandtekening/Voog: _____ Datum: _____

2. Ouerhandtekening/Voog: _____ Datum: _____



VRYWARING / TOESTEMMING OM AAN ALLE GEORGANISEERDE AKADEMIESE, SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE VAN LAERSKOOl DURBANVILLE DEEL TE NEEM

1. Ek/Ons, ouer(s)/voog(de) van _____ gee hiermee toestemming dat hy/sy aan alle akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite wat deur Laerskool Durbanville op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem.
2. Ek/Ons verleen toestemming dat my/ons kind deur 'n openbare busmaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur, vervoer mag word. Indien daar slegs 'n klein groepie leerders vervoer moet word, kan ouers/ onderwysers/afrigters met wettige bestuurslisensies gevra word om leerders te vervoer.
3. Ek/Ons aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my/ons kind en dat ek/ons verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die mediese en/of hospitaalrekenings indien van toepassing, in geval van besering wat nie aan die growwe nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
4. Ek/Ons dra my/ons magte as ouer(s)/voog(de) oor aan die skoolhoof of sy verteenwoordiger indien mediese of chirurgiese behandeling vir my/ons kind nodig mag wees. Sover ek/ons weet, is hy/sy fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteite deel te neem en verkeer in goeie gesondheid.
5. Ek/Ons bevestig dat alle mediese inligting voorsien in die Afdeling: 'Mediese inligting van leerder' van hierdie dokument, akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag in enige noodgeval gebruik word.
6. Ek/Ons onderneem om die skool in kennis te stel indien enige inligting verander.
7. Ek/Ons onderneem om my/ons kind te ondersteun in die nakoming van die gedragskode en dissiplinêre beleid van Laerskool Durbanville.

VRYWARING

Ek/Ons die ouer(s)/voog(de) van _____ (naam en van van leerder) vrywaar hiermee onvoorwaardelik en sonder beperking vir Laerskool Durbanville en/of die aandeelhouders van Laerskool Durbanville of enige persoon in diens van Laerskool Durbanville of wat namens Laerskool Durbanville optree teen enige verliese, eise, beserings of dood wat veroorsaak mag word ten opsigte van bogenoemde leerder uit hoofde van sy/haar gebruik van enige van die fasiliteite wat deur Laerskool Durbanville voorsien word en/of deelname aan enige aktiwiteite van Laerskool Durbanville.

Geteken te _____ op _____ dag van _____ 20____

1. Ouerhandtekening/Voog: _____ Datum: _____

2. Ouerhandtekening/Voog: _____ Datum: _____



GEDRAGSKODE van Laerskool Durbanville

WORD DEUR OUER/VOOG VOLTOOI:

Ek,..... ouer/voog van
..... ondersteun die
GEDRAGSKODE asook die DISSIPLINÊRE BELEID van Laerskool Durbanville. Ek/ons wil
graag die gedragkode en dissiplinêre beleid per e-pos ontvang. Stuur 'n e-pos aan
enrolments@durbieland.com. Ek/ons onderneem om die bepalings van bogenoemde beleidstukke te
eerbiedig.

.....
Ouerhandtekening/Voog

.....
Datum

WORD DEUR LEERDER VOLTOOI:

Ek,, voornemende ingeskrewe leerder
aan die Laerskool Durbanville, onderneem om die G E D R A G S K O D E van die
Laerskool Durbanville te eerbiedig en na te kom.

.....
Leerderhandtekening

.....
Datum

Toestemming om aan skoolaktiwiteite van Laerskool Durbanville deel te neem

1. Geestelike aktiwiteite

☐ JA ☐ NEE

2. Buitemuurse aktiwiteite

☐ JA ☐ NEE

Indien NEE, voorsien asseblief redes:

.....
Ouerhandtekening/Voog

.....
Datum



Toestemming vir die gebruik van leerderfoto's op sosiale media en ander relevante platforms

Hiermee verleen ek toestemming aan Laerskool Durbanville om foto's/beeldmateriaal/video's van my kind(ers) te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit in digitale formaat of harde kopie wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosiale mediaplatforms (waaronder Facebook en d6);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie of ander digitale platforms uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van my kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die Beheerliggaam en skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat die naam en van van my kind(ers), asook die ouderdomsgroep, by so 'n publikasie kan geskied en dat geen ander persoonlike inligting rakende my kind(ers) op welke van die genoemde platforms gepubliseer sal word nie.

Ek onderteken hierdie toestemmingsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die genoemde platforms gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van my kind(ers) in hierdie publikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's/ beeldmateriaal/video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry. Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te rig.

OUER 1/ VOOG 1 :	NAAM & VAN	HANDTEKENING	DATUM
OUER 2/ VOOG 2 :	NAAM & VAN	HANDTEKENING	DATUM

